
My Klaskamer©

# My Omgeelys



www.juffer.wordpress.com

- ❑ Versamel bederfkoevertjies (*samples*) uit ou tydskrifte om aan ander te skenk.
- ❑ Maak pakkies met bederfkoevertjies en eetgoed om by tehuise uit te deel.
- ❑ Skenk ou klere en skoene waar dit benodig word (bv. ou skoolklere, sokkies, warmgoed).
- ❑ Samel komberse in om aan tehuise, dierebeskermings organisasies en behoeftiges te gee.
- ❑ Samel kosblikke en niebederfbare kossoorte in om te skenk.
- ❑ Hou 'n muntlegging met 'n doelwit om elkeen 67c of R6.70 in te samel. Kan die klas 'n minimum van R67 of R670 skenk?
- ❑ Tel vullis vir 67 minute op of mik om as 'n skool 67 stukke of 67 sakke vol bymekaar te maak.
- ❑ Maak speelklei vir die kleuterskool of Graad R-klasse.
- ❑ Deel jou kennis of vaardighede met ander: Bv.
    - Hoe om veters vas te maak.
    - Hoe om 'n knoop aan te werk.
    - Hoe om 'n netjiese skoolhaarstyl te stiller of om skoene te poets.
    - Hoe om 'n steggie te maak…
- ❑ Versier 'n serp met viltlap (woorde, letters, syfers, prente) en krale – om te skenk.
- ❑ Brei elkeen 'n blokkie om saam 'n serp of 'n kombers te vorm.
- ❑ Speel woordspeletjies op *FreeRice* – op jou eie, as 'n gesin of as 'n klas.
- ❑ Samel broodsakkaartjies in – 67, 670 of 6 700…
- ❑ Verpak oorblywende sade (bv. groente, kruie, blomme) in koevertjies en skenk dit aan iemand wat dit kan gebruik.
- ❑ Kweek groente en kruie om aan ander te skenk.
- ❑ Maak en vries sop met oorbodige bestanddele om ander te seën.
- ❑ Maak handskoene (*mittens*) uit ou sweetpakmateriaal.
- ❑ Maak verrassingsakkies vir kinders van verskillende ouderdomme om aan die kinderafdelings by hospitale te skenk (bv. inkleurboek, kryte, notaboekie, potlode, 'n sepie, 'n spons/waslap, oulike knippies, 'n kam, woordsoeke, oulike uitveër…).
- ❑ Ontwerp bemoedigende boekmerkies om saam met jul skenkings te gee.
- ❑ Kies verskillende bybelversies om ander te bemoedig en te deel op pakkies, skenkings, deure, ens.
- ❑ Skenk of deel voor jy weggooi. Kan iemand dit gebruik?
- ❑ Rig 'n klein omgeehouer by die kantoor in om kinders te help wat minder het (bv. 'n eetdingetjie, haarrekkies, skoolsokkies, 'n kam, 'n borsel, geskenkte skoolklere…).
- ❑ Maak warmsakkies (*bean bags*) met sagte sweetpaklap (*fleece*) en vul met rys of koring. Gebruik ook ou broekspype of hempsmoue en werk die opening toe. Verhit die sakkie in die mikrogolfoond (30 sekondes op 'n slag en toets). Hou een, skenk een.
- ❑ Watter personeellede word soms vergeet? Gee blomme of bederfies soos warm sjokolodade, sjokolade, neute, lekkergoed, koffie of teepakkies.
- ❑ Gesels met personeellede wat jy min groet of sien.
- ❑ Gaan loer in of lui iemand wat dalk eensaam mag wees.
- ❑ Buurmanskap:
    - Deel jul oorvloed uit, bv. vrugte, kruie, groente…
    - Groet en hoor hoe dit gaan. Kan jy iemand in die buurt verras of help?
    - Maak 'n warm gereg vir bure wat nood het, siek is, eensaam is…